ALGEMENE KENNISGEWING 119 VAN 2021

SOL PLAATJE MUNISIPALITEIT
VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITEL VOORWAARDES, HERSONERING, KONSOLIDASIE, VERGUNNINGS GEBRUIK EN VERSLAPPING VAN BOULYNE T.O.V. ERWE 932, 933 EN 934 KIMBERLEY, MEMORIALWEG AREA.

KENNIS geskied hiermee dat die Sol Plaatje Munisipaliteit 'n aansoek ontvang het vir Erwe 932, 933 en 934 Kimberley vanaf "MVD Kalahari" verteenwoordig deur Mr M Mathews ingevolge die Sol Plaatje Munisipale Grondgebruikbestuurs Verordeninge 2015 Artikels 4(2)(a)(iii), 4 (2)(a)(iv), 4 (2)(b)(ii), 4 (2)(b)(iv) en 4 (2)(b)(v) tesame met Artikels 6, 8, 13 en 20, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur (Wet16 van 2013) vir die:

- Voorgestelde Opheffing van beperkende titel voorwaardes:
  - T 957/1965, bladsy 5 (Erf 932)
  - T 622/1965, bladsy 4 (Erf 933)
  - T 626/1965, bladsy 4 (Erf 934)
- Voorgestelde Hersonering van Erf 932 Kimberley vanaf **"Residensieel 1"** na **"Opvoedkundig"** doeleindes;
- Voorgestelde Konsolidasie van Erf 932 Kimberley met aangrensende erwe 933 en 934 Kimberley, wat ook Opvoedkundig gesoneer is;
- Voorgestelde Vergunnings gebruik vir 'n wooneenheid op die gekonsolideerde erf;
- Voorgestelde Verslapping van die syboulyn (aangrensend Munisipale Laan, Erwe 929, 930 en 36541 Kimberley) vanaf 2m na 0m, straatboulyn (aangrensend Henderson Straat) vanaf 4.5m na 0m, Syboulyn (aangrensend Munisipale Laan, Erwe 23331, 23332 en 24832 Kimberley) vanaf 2m na 0m, en die syboulyn (aangrensend Munisipale Laan langs Erwe 935, 14457 en 16590 Kimberley) vanaf 2m na 0m.

Besonderhede aangaande hierdie aansoek is gedurende kantoor ure verkrygbaar vanaf die Argief Kantoor, 053 8306671 by die Stedelike Beplanningsafdeling, Direktoraat van die Uitvoerende Direkteur: Strategie, Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning, Tweede Vloer, Ou Gebou, Stadskantore, Kimberley. Besware, indien enige, teen die voorstel moet skriftelik tesame met redes daarvoor by die bogenoemde ingedien word voor of **MAANDAG, 29 NOVEMBER 2021.** Persone wat nie kan lees of skryf nie kan gedurende kantoorure na Sol Plaatje Munisipaliteit kom waar die betrokke amptenaar aan die persone hulp sal verleen insake hulle besware, kommentare en vertoë.

Civic Stadskantore
KIMBERLEY
22 Oktober 2021
29 Oktober 2021 27521424540SGZZZZZWM